

Gebed vir Lydenstyd

Here Jesus

In hierdie dae word ons weer in verbystering stil voor u liefde: dat U gekom het na die wêreld toe om te sterf. Ons is verbysterd daaroor, Here, want dis nie soos ons is nie. Dankie dat U nie soos ons is nie, Here. Dankie dat U Usself gegee het tot in die dood. Dankie dat U ons Verlosser geword het.

Ons aanbid U, Here Jesus, Koning van die kerk en van ons lewens. Wil U tog in hierdie dae opnuut Usself aan ons verbind; wil U ons asseblief deur u Heilige Gees verander dat ons soos U kan word, U kan navolg, onself kan aflê. Word U tog meer in ons, Here Jesus, sodat dit nie meer ons sal wees wat lewe nie, maar U in ons!

O Seun van God wat gekom het om u lewe vir ons af te lê, hoor ons gebed!

Skenk ons die visie, o Vader, om soos U na die wêreld te kyk. Om nie die wêreld te sien as 'n probleem nie, maar as mense wat u liefde en u genade nodig het, mense wat iewers langs die pad die spoor byster geraak het, sodat U in Christus Jesus hulle weer kom soek het. Vergewe ons dat ons net dié liefhet wat vir ons liefhet, dat ons net vir hulle bid wat naby ons staan, dat ons tevrede is om met ons eie klein kringetjie gelowiges voort te gaan.

O Vader wat nie behae het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en kan lewe, hoor ons gebed!

En nou, o Gees van God, bid ons dat U in ons sal werk, sodat Christus in ons lewens verheerlik sal word. Verander ons, dat ons hoe langer hoe meer soos Jesus sal word. Bly met ons besig, o Gees, totdat die dag kom waarop elke knie voor Christus sal buig en elke tong sal bely: Jesus is Here!

Dit vra ons alles met die gebed dat U verheerlik sal word in ons.

Amen.

Sonder dat jy dit besef

Ons het 'n wonderlike avokado-boom in ons agterplaas. Elke jaar dra hy vrugte in oorvloed, en die beste van alles is dat ek nie na hom hoef te kyk nie. Hy is al mooi groot, en klaarblyklik is sy wortels diep en wyd sodat hy genoeg water kry. Ek hoef my glad nie daarvoor te bekommer nie. Ek pluk net die vrugte as hulle ryp word. Wat daarby nog 'n bonus is, is dat die vrugte ryp word op 'n tyd dat vrugtevlieë en dié nare goggas nie aktief is nie, want die vrugte is gesond sonder dat ek 'n vinger verroer. Te heerlik.

Dit was die geval tot 'n paar jaar gelede. Ons het 'n besonder droë somer gehad. Ek het my voortuin gereeld met 'n emmer water gegee, en my kruietuin en granaat-heining en vyeboom. Maar die avokado sorg mos vir homself, het ek gedink. Tot ek een oggend met 'n groot skok sien die grond onder die boom lê besaai van die verdroogde vruggies. Die boom het alles afgegooi; die somerdroogte was net te straf. Feitlik die hele drag was tot niet. As ek maar net betyds aandag gegee het, het ek avokado's gehad. Maar ek het nie aandag gegee nie, en sonder dat ek dit besef het, het die vrugte verdroog en doodgegaan.

Die geestelike lewe werk ook so. As jy nie voortdurend aan jou geestelike gesondheid werk nie, kwyn die vrug van die Gees (liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing; [Gal 5:22-23](#)) uit jou lewe sonder dat jy dit besef. Om 'n Bybelse uitdrukking te gebruik: veragter jy in die genade ([Heb 12:15](#), OAV). Dan kom die droë takke van bitterheid en onvergenoegdheid en liefdeloosheid en kortgebakerdheid en sulke dinge ongemerk na vore.

Lydenstyd is 'n goeie tyd vir selfondersoek, en om die Gees die kans te gee om jou lewe te hernuwe, sodat sy vrug weer kan begin groei. Jy wil immers hoe langer hoe meer soos Jesus word, dan nie?

Aswoensdag

Aswoensdag is vanjaar op 6 Maart. Dit is die begin van Lydenstyd, en vir baie Christene ook die begin van 'n vastyd wat normaalweg vir die duur van die Lydenstyd volgehou word. Dit is 'n tydperk van ses en veertig dae. Vir veertig dae vas ons (soos Jesus in die woestyn), maar op die ses Sondag in Lydenstyd nie, want Sondag vier ons dit dat Jesus die dood oorwin het, en vas ons nie.

Die profeet Joël ([Joël 2:12-13](#)) skryf die volgende oor vas:

Maar nou sê die Here:

Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!

Skeur julle harte, nie julle klere nie.

Kom terug na die Here julle God toe:

Hy is genadig en barmhartig;

Hy is lankmoedig en vol liefde.

As ek Joël reg verstaan, gaan dit in vas nie bloot oor uiterlike simboliese handeling nie. Om te vas beteken baie meer as om maar net vir 'n tyd lank iets te los, soos kos, sjokolade, alkohol, TV, rekenaarspeletjies, of wat ook al. As jou vas nét daaruit bestaan, mors jy jou tyd. Om jou te onthou van iets in die vastyd is net 'n middel tot 'n doel. Die doelbewuste ontbering van iets wat vir jou lekker is, soos kos, moet jou voortdurend herinner aan wat Jesus ter wille van jou verlossing ontbeer het: Hy het sy lewe afgelê, sodat jy kan lewe.

Vas gaan oor iets wat in jou moet gebeur. Dit behels 'n hertoewyding aan die Here. "Skeur julle harte," sê Joël. Dit gaan daaroor dat jy jou fokus weer fyn op die Here instel, jou ore moet skoon kry van die geraas en die geharwar van die daaglikse lewe, sodat jy meer ontvanklik raak vir God en sy Woord en die influistering van die Gees. Dit gaan oor 'n doelbewuste toegespitsheid op God, op sy teenwoordigheid in jou lewe en wêreld. Dit gaan oor 'n nuwe vasberadenheid om agter Jesus aan te loop en vir Hom te leef en 'n verskil te maak in die wêreld.

Dit is hiermee wat vas ons help: om beter en bewustelik op God gerig te lewe. Dit sal gebeur as jy byvoorbeeld die tyd wat jy sou gebruik het om kos te maak en te eet, gebruik om stil te word voor die Here en sy wil vir jou lewe te soek. Of as jy

elke keer wat jy nie 'n sjokolade eet nie, 'n paar oomblikke stil word en die Here dank vir sy genade. Dit sal gebeur as jy in die vastyd ophou dink aan jouself en jou eie vermaak en plesier, en doelbewus dink aan die Here Jesus, en aan ander.

Vas is dus 'n stroping van jouself. Dit beteken jy is minder op jouself ingestel, sodat God meer kan wees ([Johannes 3:30](#)). Stroping én groei. Hoe meer Hy in jou lewe word, hoe meer vreugde groei daar in jou hart, en entoesiasme vir God en sy koninkryk.

Ek sien uit na hierdie jaar se Lydenstyd!